Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Azola Njotini**
Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur
Azola.Njotini@westerncape.gov.za | 021 467 2289

Lêerno.: 14/2/4/ASS SURVEY
Verwysing: 20240517-3909

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0006/2024

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Leerder-ondersteuning, Provinsiale Programbestuurders, Beplanningsamptenare van Inrigtingsbestuur en -beheer en Prinsipale van openbare en onafhanklike spesiale skole

**Onderwerp: Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Jaarlikse Skoolopname (JSO) vir 2024 by openbare en onafhanklike spesiale skole**

1. Die WKOD se JSO vir 2024 by openbare en onafhanklike spesiale skole sal op **05 September 2024** afgeneem word.

2. Daar sal van prinsipale verwag word om die akkuraatheid van die data af te teken. Provinsiale programbestuurders en beplanningsamptenare van Inrigtingsbestuur-en-beheer moet die data van die JSO teen die sperdatum van **12 September 2024** afteken.

3. Voor die prinsipaal of hul afgevaardigde op SOBIS afteken, moet hulle toesien dat die volgende korrek op SOBIS bygewerk is:
   (a) Alle leerders wat geregistreer is en in 2024 skool bywoon, is in die regte grade, klasse en taal-van-onderrig-en-leer-kategorie.
   (b) Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.
   (c) Graadveranderinge is afgehandel.
   (d) Inligting oor leerdergestremdhede is korrek.
   (e) Leerders wat oorlede is, is gederegistreer en die "date deceased" is aangebring, soos dit op die doodsertifikaat verskyn.

4. Die prinsipaal moet ook seker maak dat die lys met opvoeders op SOBIS bygewerk en geverifieer is. Dit sluit die werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2024 onderrig word in (grade en vakke wat voorheen aangebied is en nie meer in 2024 op die opvoeder se werkslading van toepassing is nie, moet verwyder word).

5. Foutverslae is op SOBIS beskikbaar gestel om met die verifikasie van leerder- en opvoederdata te help en die korrektheid van die bestaande data te bepaal. Maak asseblief seker dat al die foute wat in hierdie verslae aangetoon word, opgelos is voordat u dit afteken.

6. Die afmeldingsafdeling van die JSO moet voltooi word om te bevestig dat die data geverifieer is en 'n korrekte weerspieëling van die leerderinskrywings en getal personeel soos op **05 September 2024** is.

7. As die inrigtingsbeampte vir OBIS moet die prinsipaal die dataprosesse bestuur om te verseker dat bewys van verifikasie en die handtekeninge van die persone wat gedelegeer is om die data te kontroleer, op versoek van ouditeurs getoon kan word. Aangesien die inligting aan ouditering onderworpe is, moet die skool se sakeproses ten opsigte van die OBIS-data aangeteken word om aanspreeklikheid vir die akkuraatheid van data te verseker.

8. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van identiteitsnommers nie, en om die vaslegging van ontbrekende identiteitsnommers te fasiliteer. Indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldige identiteitsnommer nie, moet die ouers in kennis gestel word van die proses om by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen om 'n identiteitsdokument. Prinsipale word herinner aan Omsendbrief 0053/2021 (*Toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse en buitelandse leerders*), gedateer 09 Maart 2022, en word versoek om, waar moontlik, die ouers by te staan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer.

9. Die Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur sal die nakoming en data-kwaliteit van alle JSO-voorleggings monitor en alle gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekortkominge by die Hoof van Onderwys aanmeld.

10. Onafhanklike skole moet hulself weer vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat nakoming van die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming moontlik tot deregistrasie van die inrigting kan lei.

11. Indien u enige tegniese probleme ondervind met die voltooiing van die JSO, kontak asseblief die IT-hulplessenaar vir Skole by 021 834 4690 of stuur 'n e-pos na SchoolsIT.Servicedesk@westerncape.gov.za.

12. Indien u enige probleme ondervind met die voltooiing van die JSO, kontak asseblief die betrokke hoof van leerderondersteuning of inligtingstelselbeampte in die distrik wat vervolgens gelys word:

**Beplanningsamptenare van Inrigtingsbestuur en -beheer: Onafhanklike spesiale skole**

| Kontakpersoon | Tel. | E-pos |
|---|---|---|
| Vensen Sabad | 021 467 2050 | Vensen.Sabad@westerncape.gov.za |
| Kubeshini Govender | 021 467 2548 | Kubeshini.Govender@westerncape.gov.za |
| Ghalid Jacobs | 021 467 2582 | Ghalid.Jacobs@westerncape.gov.za |

**Provinsiale programbestuurders: Openbare spesiale skole**

| Skole/sentrums | Program-bestuurder | Tel. | E-pos |
|---|---|---|---|
| Hospitaalskole | Rhoda Manuel | 021 467 2227 | Rhoda.Manuel@westerncape.gov.za |
| Ernstige intellektuele gestremdheid | Dheena Achary | 021 467 2122 | Dheena.Achary@westerncape.gov.za |
| Spesifieke leergestremdheid, liggaamlike gestremdheid, serebrale verlamming/blindheid | Rhoda Manuel | 021 467 2227 | Rhoda.Manuel@westerncape.gov.za |
| Outisme | Denville Dawson | 021 467 2223 | Denville.Dawson@westerncape.gov.za |
| Skole vir dowe leerders | Joeline McKerry | 021 467 2227 | Joeline.McKerry@westerncape.gov.za |
| Vaardigheidskole | Zola Ndika | 021 467 2223 | Zola.Ndika@westerncape.gov.za |

**Inligtingstelselbeamptes**

| Onderwysdistrik | SOBIS-distriksadministrateur | Tel. | E-pos |
|---|---|---|---|
| Metro-Noord | Siviwe Mdelo | 021 938 3052 | siviwe.mdelo@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Anita McGrath<br>Tercia Southgate | 021 514 6751<br>021 514 6737 | anita.mcgrath@westerncape.gov.za<br>tercia.southgate@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Anastasia Kinnear<br>Masixole Stofile | 021 370 2120<br>021 938 3052 | anastasia.kinnear@westerncape.gov.za<br>masixole.stofile@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Buseka Ndinisa<br>Thembeka Dlamini | 021 900 7053<br>021 900 7011 | buseka.ndinisa@westerncape.gov.za<br>thembeka.dlamini@westerncape.gov.za |
| Weskus | Kurt Lewis (Waarnemend) | 021 860 1202 | kurt.lewis@westerncape.gov.za |
| Kaapse Wynland | Kevin van Eeden<br>Ferrin Stellenboom | 023 348 0635<br>023 348 0635 | kevin.vaneeden@westerncape.gov.za<br>ferrin.stellenboom@westerncape.gov.za |
| Overberg | Suzanne Braaf | 028 214 7390 | suzanne.braaf@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentraal-Karoo | Romelda America<br>Keith Zibi | 044 803 8367<br>044 803 8346 | romelda.america@westerncape.gov.za<br>keith.zibi@westerncape.gov.za |

13. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voortgesette samewerking in 2024.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-06-14